

24 Februarie 2014

Skrifgedeelte: Psalm 147
Fokusgedeelte: Psalm 147:7

Sing 'n danklied tot eer van die Here!

“Dit wat met my gebeur, is nie reg nie. Ek verdien dit nie.” Een van die redes waarom kinders van die Here meer kla as dank, is omdat hulle nie genoeg dink oor Wie God is en wat Hy doen nie. Daarmee saam neem hulle ook nie na behore in ag wie hulle is nie – wie hulle was as verlore sondaars en wie hulle nou mag wees as verlore sondaars, as kinders van die Here.

In Psalm 147 kry ons oproepe om God te prys en Hom te dank, en dan word daar telkens redes gegee waarom dit gedoen moet word. Die redes gaan hoofsaaklik oor Wie God is en wat Hy doen. Aan die een kant word God se skepping en onderhouding van dinge genoem, aan die ander kant God se genade wat Hy aan sy volk bewys. Dit lyk asof ons die agtergrond van die Psalm as die terugkeer uit die ballingskap en die herstel van die mure van Jerusalem in die tyd van Nehemia moet sien.

Wie is God en wat doen Hy? God is die Een wat Jerusalem weer opbou en die verstrooides van Israel bymekaarbring. Hy genees die gebrokenes van hart, en terselfdertyd is Hy ook die God wat magtig is en wat besluit oor die getal van die sterre. Dit is God wat die hemel met wolke oordek, wat reën voorsien en wat gras laat uitspruit. Hy versorg. Die mag en krag van mense beïndruk Hom nie. Inteendeel, Hy het 'n welgevalle in dié wat Hom vrees en wat op sy goedertierenheid hoop (vs 11).

Hoe wonderlik is dit dat God wat versorg en onderhou, wat aan ons sy genade skenk, 'n welgevalle het in hulle wat Hom vertrou en op sy beloftes hoop! Dit alles is redes om God te dank! As kind van God, kry ek nooit wat ek verdien het nie – ek kry in Christus oorvloedig meer!

Sing: Psalm 147:3, 4 (1936)

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)